*Dr. F. L. Bos*: Kruisdominees. Uit. J. H. Kok, Kampen 1953.

Met die afskeiding in Nederland in 1834 was daar van die begin af stryd en verdeeldheid onder die afgeskeidenes, en hulle het soms mekaar oor die mees onbelangrike dinge beveg en veroordeel. In 1869 het daar 'n eenheid onder hierdie goepe gekom, hoewel daar nog gemeentetjies was wat selfstandig en vrywel sonder onderlinge kerkverband bly bestaan het. Dit is die kruisgemeentes, en in hierdie boek gee dr. Bos ons 'n tekening van verskillende predikante van hierdie kruisgemeentes uit die vorige eeu. Een van hierdie kruisdominees, Joh. v. d. Broek, het selfs in 1881 'n besoek aan die Vrystaat gebring waar ds. S. D. Venter hom van die Gereformeerde Kerk afgeskei het. Toe is in ons land ook sulke kruisgemeentes gestig maar dit het tot niet gegaan. In 1886 het ds. S. J. du Toit hierdie Suid Afrikaanse Kruisgemeentes as 'n wig teen President Kruger probeer gebruik, maar dit het misluk. Aan die einde van die negentiger jare het hy sy pogings herhaal. Dit is interessant om hierdie boek van ds. Bos te lees, want baie dinge, ook in ons land, word dan beter verstaan. Hierdie kruisgemeentes bevat die ultra piëtistiese stroming in die gereformeerde gesindtes.

S. P. E.